HUISWERKBELEID - Graad 3

1. Geskrewe huiswerk word slegs vir hersieningswerk gegee. Geen nuwe konsepte word vir huiswerk gegee nie.

2. Vanaf Maandag tot Vrydag behoort leerders 30 - 60 minute (afhangende van die leerder se vermoë) aan **hoofreken, spel en hardoplees** te spandeer. Hardoplees in Eerste - sowel as Tweedetaal moet saam met ouers gedoen word.

3. Daar moet ten minste **10 dae** kennis gegee word voor 'n Mondelinge aanbieding.

4. **Opvoeders van praktiese vakke** is verantwoordelik om leerders in te lig aangaande vereistes vir die vakke, sodat ouers en leerders hulle daarvolgens kan oriënteer.

5. Geen huiswerk **word gewoonlik** op Vrydae gegee nie.

6. **Huiswerkboeke moet daagliks deur ouers geteken word**. Ouers moet skriftelik redes gee hoekom huiswerk nie gedoen is nie of hoekom boeke tuis vergeet is.

7. Alle korrespondensie tussen ouers en onderwysers word via e-pos gedoen of deur 'n brief. Persoonlike briewe moet asb. in 'n toegeplakte koevert geplaas word.

8. **Aanbevelings deur opvoeder.** Ouers moet met huiswerk help. Daar word aanbeveel dat leerders in 'n **rustige, afgesonderde plek** huiswerk doen. Ouers moet hul kinders

help om konsensieus en georganiseerd te werk, sodat hulle, hul huiswerk kan voltooi.

9. Daar word van **ouers** verwag om werk wat by die Naskoolsentrum gedoen word na te gaan.